# HOOFSTUK 4

## ONTPLOOIING OP DIE HOËVELD


### 4.1 Inleidend

Waar die Difaqane sy ontstaan gehad het by Dingiswayo, Zwide en Tsjaka se drang tot ekspansionisme, is die oordrag van die Difaqane bewerkstellig deur groepe wat uit Natal gevlug het om te ontkom van die storms wat gewoed het in die oorheersingsdrang van die Mthetwa, die Ndwandwe, en later die Zoeloes.


Groepe soos die Hlubi van Mpangazita, die Ngwane van Matiwane, die Ikohlo-subsibbe van Soshangane, die Jele van Zwangendaba, en die Khumalo van Mzilikaze het die spreekwoordelike rimpeling (wat ´n klip in water veroorsaak) oor die eskarpement van die Drakensberg gedra om die Difaqane figuurlik as virus op die volkere van die binneland oor te plant .

Alhoewel feitlik geen stam (soos bespreek in hoofstuk 5) op die Hoëveldgebied onaangeraak gelaat is nie, het slegs enkele groepe uit Sotho-Tswanageledere na vore getree om die Difaqaneproses voort te sit, en die geweld voort te plant op ander groepe.

Die gebiede waarheen persone soos Mantatese en Mzilikaze die Difaqane versprei het, eerder as die wyse van optrede, onderskei hulle van die ander Difaqane-karakters. Die feit dat Mantatese en Mzilikaze apart in hierdie hoofstuk bespreek word, is omdat die lyn van aktiwiteite juis deur hulle deurgetrek is na Wes-Transvaal. Hulle was die karakters in die tussenfase wat die kettingreaksie oorgedra het na die Tswana. Die rol wat hulle gespeel het, was direkte en soms indirekte oordrag van die Difaqane. Andrew Smith (1939:87) stel dit so: " ... the plains of Transvaal (have) been reduced (to such a state of desolation) that lions and other beasts roamed around at will ... wretched Kwena (lived) in huts built on the branches of trees to avoid the lions ..."



KALAHARI
Bamangwato
Mapela
Bakgatla
Maricorivier
Krokodilrivier
Bakwêna ba ga Setshele
Mmatlhaku
Bakwêna ba ga Mmatau
Bakwêna ba ga Rramanomêla
Apiesrivier
Olifantsrivier
Bapedi
Steelpoortrivier
LEBOMBOBERGE
Molopoorivier
Bahurut
Bangwaketsi
(Kalipi)
MOSEGA
Tswenyane
Bahurutshe Kaditshwene
Phitsane
Bahurutshe ba ga Mokgatla
MAFIKENG
Barolong boo Rratshidi ba ga Tawana
Barolong boo Rrapulana
MAGALIESBERGE
MIDDELBURG
SWAZILAND
MBABANE
SETLAGOLE
Barolong ba ga Matlako ("Kgosi")
Khunwana
Barolong ba ga Motlhabe
Mooirivier
Dassierand
Maphuting ba ga Tshwane
ERMELO
Watervalrivier
Vaalrivier
PIET RETIEF
18 Januarie 1828
Barolong boo Seleka ba ga Sefunelo
MAKWASSIE
PARYS
VEGKOP
Bahlakwana Nkokoto
Bataung
Bamolebedi ba ga Rratsosana
Pongolarivier
Dithakong
KURUMAN
Kurumanheuwel
Bataung ba ga Moletsane
Wilgerivier
UTRECHT
VRYHEID
Vaalrivier
Vetrivier
Bahlakwana ba ga Sobotsha
Valsrivier
Nongoma
Hartsrivier
Bafokeng ba ga Patsha
Vee geroof
Sandrivier
Bethlehem
Mota geïnisieer
Batlokwa ba ga Mantatese Sefata
Vetrivier
Buffelsrivier
Wit Mfolozirivier
Swart Mfolozirivier
Bafokeng ba Mare ba ga Sebetwane
Qokoliheuwel
Kurutlele
Yalwabogolo
BUTHA BUTHE
Tugelarivier
EMPANGENI
Vaalrivier
Modderrivier
Rietrivier
Beleg en "Slag van die potte"
Mabolela
Senyoteng
Thaba Nchu
Merametsu
Thaba Bosigo
Rietrivier
Batlou ba ga Montsho en Ma=ketha
DRAKENSBERGE
MANTATESE
Oranjerivier
Peka
Boesmankop
(Mantatese se vernuf red die vroue van Mpangazita)
Caledonrivier
Tlapaneng
(Maphetla be=stook die Batlokwa met klippe van die bergkrans)
Oranjerivier


KALAHARI
Bangwaketsi
Bamangwato
Mapela
Bakgatla
Maricorivier
Krokodilrivier
Bakwêna ba ga Setshele
Mmatlhaku
Bakwêna ba ga Mmatau
Bakwêna ba ga Rramanamêla
Bapedi
Steelpoortrivier
Olifantsrivier
Aplesrivier
Bahurut
Tswenyane
(Kalipi) MOSEGA
Bahurutshe Kaditshwene
Bahurutshe ba ga Mokgatla
Bangwaketsi
Phitsane
MAFIKENG
Barolong boo Rratshidi ba ga Tawana
Barolong boo Rrapulana
Moloporivier
MAGALIESBERGE
MIDDELBURG
SWAZILAND
MBABANE
LEBOMBOBERGE
SETLAGOLE
Barolong ba ga Matlako ("Kgosi")
Khunwana
Barolong ba ga Motlhabe
Mooirivier
Dassierand
Maphuting ba ga Tshwane
ERMELO
PARYS
VEGKOP
Bataung
Bataung ba ga Moletsane
Bamolebedi ba ga Rratsosana
Vaalrivier
PIET RETIEF
Pongolarivier
Barolong boo Seleka ba ga Sefunelo
MAKWASSIE
Dithakong
KURUMAN
Kurumanheuwel
Hartsrivier
Vaalrivier
Vetrivier
Valsrivier
Wilgerivier
UTRECHT
VRYHEID
Nongoma
Sandrivier
Bethlehem
Batlokwa ba ga Mantatese
Sefata
Vetrivier
Bafokeng ba Mare ba ga Sebetwane
Kurutlele
Yalwabogolo
BUTHA BUTHE
Buffelsrivier
Wit Mfolozirivier
Swart Mfolozirivier
Qokoliheuwel
EMPANGENI
Tugelarivier
Modderrivier
Rietrivier
Maboiela
Senyoteng
Thaba Nchu
Thaba Bosigo
DRAKENSBERGE
Oranjerivier
Peka
Caledonrivier
MANTATESE

Om dus die ontberinge wat die Tswanastamme tydens die Difaqane moes deurmaak, en die omvang daarvan te peil, moet die rol van Mantatese en Mzilikaze in die oordragproses onder oë geneem word. Waar Mantatese se rol waarskynlik slegs beperk was tot die ontwrigting van die suidelike stamme, het Mzilikaze ontworteling teweeggebring oor feitlik die hele Tswanawoongebied, aldus Omer-Cooper (1969:131): "Mzilikaze sent his regiments on far-flung raids capturing cattle, destroying towns and bringing back woman and children to reinforce his fighting stock"

## 4.2 Mantatese: "Legende, leidster en moeder"

### 4.2.1 Die Batlokwa

Hierdie stam was uiters bloeddorstig en Ellenberger (1969:39) beskryf hulle as : "... a fierce and surly people, plunderers and shedders of blood, fighting and disputing with all with whom they come in contact." Omdat die Batlokwa so ´n geweldige groot rol gespeel het in die Difaqanetydperk, word enkele gedagtes rondom hul verlede en bestaan neergepen.
Die Batlokwa stam oorspronklik uit die Bakgatla. Rekonstruksie van die genealogie sien min of meer so daaruit:

Bahurutse

Bakgatla

Bakgatla ba Kgafela — Bakgatla ba Tabane

Matlaisane (Magaliesburg) (Bamutsha)

Liale — Bapedi — Makholokoe — Maputhing

Batlokwa — Basia

Batlokwa ba Koali — Batlokwa ba Molatoli (seun van Molefe) (Wakkerstroom)

Lepatsu

Tsotetsi

Bamokalong — Motonosi (Bamokotleng) (Tussen Elandsrivier en Drakensberg) (± 1800) Montweli of Ntlokgolo (Basia-bruid) (Montwetsana-regent)

Lebasa

Nkhale Mothaga

Mokotsho (Mokotjo)

Monyalwe (Basia) (Mantatese)

Sekonyela

(Ellenberger & Macgregor, 1969:352/4.)

Die geskiedenis van die Batlokwa was deurspek met verhale van stryd, twis, rusie en oorlog. (Ritter, 1962:109). Dit is dus te verstane dat hulle die tydperk van Difaqane kon oorleef en hulself ten koste van ander stamme kon handhaaf. Motonosi, Sekonyela se oupagrootjie, het ongeveer 1800 sy seun en opvolger Montweli verloor. Montweli se vrou, Ntlokgolo, suster van Mothaga (van die stam Basia), het by hom ´n seun, Mokotsho gehad wat minderjarig (eintlik ´n kleuter) was tydens sy dood. Uit vrees vir die Batlokwa het Ntlokgolo met haar seun, onder begeleiding van haar man se ouderdomsgenote, na die Basia gevlug. (Ellenberger, & Macgregor, 1969:43.)

In haar afwesigheid het haar man se jonger broer, Montwetsana, as regent opgetree. Hy is drie jaar later, 1803, deur Lebasa van die Bamokhalong, in ´n geveg gedood. Mmamare, sy weduwee, het nou gepoog om haar eie seun die kapteinskap te laat toekom, dog Mokotsho, hoewel baie jonk, het met behulp van sy pa se tydgenote (Bathaka ba bogwêra - Inisiante) sy regmatige plek opgeëis. Hierdie stryd om die kapteinskap het hom egter weer herhaal toe Mokotsho sy vrou vroeg ontval het. Gedurende 1803 het ´n hongersnood die land geteister. Die hongersnood, genaamd "Sekoboto", het sy merk op die Batlokwa gelaat, maar die feit dat hul die sterftes, wat die stamme om hul afgemaai het, oorleef het, is ´n aanduiding van hul vindingrykheid en wil tot oorlewing, wat later, tydens die Difaqane, weer sterk na vore getree het. (Ellenberger & Macgregor, 1969:43/4.)

Mantatese het die toneel betree as jong Basiabruid. Op eg tradisionele Sotho-wyse het Mokotsho ´n kruis neef-niggie-huwelik aangegaan. Sy ma se broer, die kaptein van die Basia, se dogter Mothaga (Mantatese), het sy vrou geword.

Mothaga het vir Mokotsho drie kinders gebaar, Ntatese, Sekonyela (1804), en nog ´n seun Mota. Volgens tradisie is Mothaga Mantatese (Moeder van Ntatese) genoem. Onder hierdie naam het sy haar bekendheid verwerf.

Mantatese was ´n lang, lenige vrou met ´n ligte gelaatskleur. Sy was intelligent en het ´n skerp oordeelsvermoë gehad asook sterk leierseienskappe. (Theal, 1908:383). Baie jare later was die sendelinge verras oor haar psigiese soepelheid en vermoë tot fyn redevoering. (Arbousset & Daumas, 1968:5; Morris, 1966:57; Wilson & Thompson, 1982:398.)

Mokotsho het sy hoofsetel tydens sy kapteinskap van Nkoe (Nku = skaap) na Sefata verskuif (Harrismith-omgewing). Hierdie verskuiwing was nodig om nader aan die Drakensberge te wees vir beskerming van sy volgelinge en om vir hul vee beter weiding te verskaf in die opvanggebied van die Elandsrivier. Tydens sy bewind het die stroom Nguni, vanuit die Natalse strydgebied, oor die Drakensberge dikker begin vloei. Die eerste groep wat sy stamgebied betree het en asiel/woonplek gevra het, was ´n groep Hlubi onder Tsulo. Hulle het die westelike hang, oos van die Batlokwa, as woongebied ontvang. Hulle kon hulself volgens eie tradisies regeer.

Mokotsho was volgens oorlewering nooit ´n gesonde man nie, en in 1813 sterf hy ook as gevolg van swak gesondheid. Die vroeë dood het komplikasies ingehou vir sy weduwee Mantatese. Sy seun Sekonyela was minderjarig. Dus is die stryd om kapteinskap weer herhaal, soos voor Mokotsho se eie troonsbestyging.

Mantatese het deur haar ferm optrede regentskap verwerf in die plek van haar seun. Tydens haar regentskap het sy, as Basia en buitestaander vir die Batlokwa, tog die verpersoonliking van haar mense, die Batlokwa, geword. (Morris, 1966:57; Omer-Cooper, 1969:87.) (Regentskappe deur vroue was nie ´n onbekende verskynsel onder sowel die Tswana as die Suid- en Noord-Sotho nie. In hierdie verband word selfs die kapteinskap wat Mahurutshe beklee het, as voorbeeld voorgehou. Dit sal later blyk dat regent- of kapteinskappe egter nooit onder die Nguni deur vroue beklee is nie.)

Voor die latere aanval in 1821 deur Mpangazita op die Batlokwa het die Batlokwa nie minder nie as 35 000 siele getel. Hul militêre vermoë was ongekend, en hul veetroppe groot, dog na 1821 het hul ´n nomadiese rowerbestaan gevoer wat volgeling en veetrop uitgedun en oor die Hoëveld van Suid-Afrika verstrooi het. (Omer-Cooper, 1969:88.) Was Sekonyela egter ´n persoon met ´n breër visie, kon die Batlokwa, soos die Basotho, hul posisie en mag behou en verstewig het deur assimilasie van ander vlugtelinggroepe.

Sekonyela was van jongs af ´n afsydige jong man, ´n moeilikheidmaker, opstoker, agterbaks en ´n wreedaard. Baie van die dade wat sy ma, Mantatese toegedig is, het hul oorsprong by hom. So het Moshesh (1829) sy stat aan Sekonyela toevertrou terwyl hy afwesig was op ´n tog na die suide. (Becker, 1969:44). Sy vertroue is geskend omdat Sekonyela tydens sy afwesigheid sy stat aangeval, sy vroue gemolesteer, vee gevat, en die hutte gestroop het. Anders as Mantatese het Sekonyela mense afgestoot. Hy het mense op bruuske wyse aangespreek, was nooit hoflik nie en het nie die leierseienskappe van sy voorgeslag getoon nie. Sekonyela was in die eng sin van die woord ´n "alleenmens". (Bryant, 1929:153.)

4.2.2 Moord op Motshodi (Mjoli): Kiem tot uitdelgingstogte

As tussenfase moet gemeld word dat Mantatese in 1817 haar Batlokwasoldate oor die Drakensberg gestuur het om die Hlubi op die walle van die Buffelsrivier aan te val. Na die suksesvolle aanslag teen Zwide, waarin talle van sy mense gedood is (Ellenberger, 1939:54), en groot troppe vee buitgemaak is, is Mantatese deur die naburige volke met agting bejeën. Na aanleiding van die oorwinning het Motshodi (Mjoli), ´n Nguni van Hlubi-herkoms hom en 2 000 volgelinge in 1818 by Mantatese kom vestig. Die rede vir sy vlug het gespruit uit sy vrees vir Mtimkule en Mpangazita se onderdrukkingsveldtogte. (Bryant, 1929:150; Davenport, 1977:15.)

Sy verblyf in die Batlokwagebied was kort en stormagtig. Ten eerste wou hy nie die voedsel wat Mantatese hom, as gas in haar kraal, aangebied het, eet voordat ´n proeër dit nie van gif gevrywaar het nie. (Dit is ´n Ngunigebruik wat Motshodi op die Sothokultuur wou afdwing). Dit was as ´n growwe belediging vertolk. Hiermee wou hy te kenne gee dat Mantatese ook haar man, Mokotsho, vergiftig het. (Ellenberger, 1939:55.) Tweedens het sy posisie as onderhorige hoofman onder Mantantese, ´n vrou, hom ook begin krap (weer eens iets wat vreemd is aan die Ngunikultuur). Hy wou onafhanklik opereer, en optree binne Batlokwagebied.

Sy einde het onverwags gekom. Sekonyela, wat teen die wense van sy ma die Bogwêra (inisiasieskool) van sy ouderdomsgenote bygewoon het, is tydens die besnydenisfees met geweld deur sy ma laat verwyder, sodat hy slegs deur haar mense, die Basia, besny kon word. By sy terugkeer van die Basia-inisiasie verneem Sekonyela dat Motshodi en sy pa se broer, Sehalahala, verraad teen sy ma beplan. (Bryant, 1929:151.) Om sy manlikheid en nuutverworwe "mondigheid" na die inisiasie, te bewys, beplan hy om Motshodi te straf. Die aanval op Motshodi is geloods terwyl Motshodi en ´n paar ongewapende mans in die kgôtla (vergadering) gesit het. (Ellenberger & McGregor, 1969:48; Theal, 1908:381). Sekonyela het Motshodi heeltemal onthoof om sodoende ´n breë, koper nekband, wat hy gedra het, in die hande te kry. Hierdie daad van Sekonyela was die sogenaamde "Hlatswa lerumu" (was van die assegaai). (Die assegaai wat hy as inisiant ontvang het.) (Bryant, 1929:151; Wilson, 1982:393.)

Motshodi se vrou, suster van Mpangazita, en van die Hlubi-volgelinge vlug terug na die Buffelsrivier, waar hulle aansluit by Mpangazita. (Bryant, 1929:151).

4.2.3 Mantatese se beeld as krygsvrou

Min karakters in die geskiedenis van Afrika het soveel legendes rondom sy/haar persoon verweef gekry soos Mantese van die Batlokwa. Soos reeds gesien in die vorige paragraaf, was Mantatese ´n mens met sterk persoonlikheidseienskappe. Daarmee saam was sy leidster van ´n vegtersvolk wat hul deur weinig laat stuit het, en daarvan gehou het om te veg. Hierdie faktore het bygedra tot die vreesinboesemende verhale wat deur die bygelowige Bantoe oorvertel is, byvoorbeeld:

* Mantatese was ´n "moloi" (towenares) wat perdebye voor haar troepe uitgestuur het om die opponente met "bewing" te oorval. (Moffat, 1842:340).

* Verder, word vertel, het sy met haar nakende bolyf voor haar troepe uitgedans. So iets was volgens Bantoe-tradisie ongehoord vir ´n getroude vrou. Sommige legendes verhaal dat sy twee rye borste gehad het. Wanneer haar manskappe dors het, het sy hulle met haar melk gelaaf. (Grönum, 1953-1975.)

* In die middel van haar voorkop, so word verhaal, het sy ´n groot, helder en blinkende oog gehad. Daarmee kon sy nie net ver sien nie, maar was sy ook in staat om die ondergrondse graanputte raak te sien. Ook veetroppe agter ´n bult, of in ´n bos versteek, kon sy daarmee opmerk. (Becker, 1969:39.)


Mantatese het, bo en behalwe haar ander eienskappe, oor ´n fyn sin vir orde beskik. So het sy haar soldate geklee in swart. Swart maanhaar leeuvelle is onder andere vir die doel aangewend. Swart musse (klaarblyklik volstruisveertooisels) het gedien as hoofbedekking vir die soldate terwyl ´n swart velmantel hul mondering afgerond het. (Becker, 1969:39; Bryant, 1929:154.)


Die Batlokwa het tradisioneel in ´n reguit, frontlinie tot die aanval oorgegaan. Hul was toegerus met swaar knopkieries, ´n vegbyl (Tjeka) en ´n werpassegaai. Hul groot, ovaal skildvelle was gesny uit ongebreide

beesvelle.

Die feit dat hulle met handbyle geveg het, is ´n bewys van hul voorliefde vir man-tot-man-, dus kontakgevegte. Om hul opponente geen houvas op hulle te gee nie, was hul met ´n mengsel van roet, as en vet besmeer. (Stow, 1910: 473). Hierdie mondering, voorkoms en vegmetode het bygedra tot die beeld van verskrikking wat oor die "Mantatee" versprei is.

"Kromswaard"-
vegbyl





Spies

4.2.4 Mpangazita: Die Batlokwa word verdryf.

Oor die presiese datum waarop Mpangazita die Batlokwa aangeval het, bestaan daar twyfel. Theal (1908:381) gee dit aan as 1821, Becker (1969:38) 1822, William Ley (1975:194) beweer dat die proses teen 1823 al in volle swang was, dus moes die aanval op ´n vroeër datum gewees het. Bryant (1964:27) bied die datum aan as 1819. Ellenberger (1908:119) noem weer die winter van 1822.

Gesien in die lig van latere gebeure en datums, wil dit voorkom of 1821 aanvaar kan word as die naaste aan korrek. (Wilson & Thompson, 1982:392). J.H. Malan (1929:10) verklaar dat jaggeselskappe in 1819 en 1823 die Grootrivier (Oranje) oorgetrek het en " ... op die ganse tog het hulle nooit ´n Kaffer aangetref nie." In 1823 " ... het ´n verwilderde, uitgehongerde klompie Basoeto´s ... by hom aangekom om kos te kry..." Dus tussen 1819 en 1823 is 1821 die mees aanvaarbare datum.

Mpangazita se vader, Mtimkulu, het in botsing gekom met Matiwane van die Ngwane. Laasgenoemde het met ´n verraderlike aanval die Hlubi van Mtimkulu aangeval, hom gedood, sy stat verwoes en sy volgelinge verstrooi. (Kyk ook 3.3.4.) Mpangazita het as leier van een Hlubi-groep na vore getree en met sy volgelinge afgestuur op sy swaer, Motshodi, (Mjoli) se moordenaars, die Batlokwa. (Ritter, 1955:108; Bryant, 1929:150; Wilson & Thompson, 1982:392).

Die Batlokwa is onverwags oorval. Die weerstand wat hul gebied het, was meer uit selfverdediging as ´n georganiseerde teenaanval teen die Hlubi-aanslag. Sefata is deur die Hlubi geplunder, graanputte is leeggeskep, veekrale is gestroop, en die stat is in ligtelaaie gelaat. Voordat Nkoe, die ou hoofsetel van die Batlokwa, (Ellenberger & Macgregor, 1969:44) en ander krale deur Mantatese gewaarsku kon word, het die voorhoede van die Hlubi reeds toegeslaan en dieselfde lot het hulle ook getref.

Ten spyte van die verwarring wat ontstaan het, kon Mantatese tog ´n groot groep van haar volgelinge mobiliseer om die agterhoede te dek en die vee wat gered kon word, te beskerm. ´n Klein groepie Basia, Mantatese se eie verwante, wat ook deur die Hlubi aangeval is, is in die vlugtog opgeneem in haar geledere. Hulle moes hul krale verlaat om met al hul karige besittings hul lot by haar in te werp.

Die Bafokeng wat wes van Sefata te Kurutlele (tussen die Elandsrivier en die Liebenbergspruit) gewoon het, is eerste deur die Batlokwa op hul vlugtog aangeval en by die Batlokwa ingelyf. (Wilson & Thompson,

1972:394; Omer-Cooper, 1969:88.)
Met Sekonyela en sy leeftydsgroep as spioene, is die Bafokengkontrei verder verken om te bepaal waar die grootste konsentrasie voedsel en vee te vinde was. Die doel was nie slegs oorlewing nie, maar ook uitwissing.

Ander Bafokengstamme het verspreid oor die gebied, wat gestrek het vanaf die Elandsrivier (Namahali) tot by die huidige Winburg, gewoon. So is die Bafokeng ba Patsa op die Sandrivier se walle ook aangeval en geplunder. Die resultaat van hierdie aanvalle op die Bafokeng was dat baie van die kleiner groepe hul suidwaarts na die Caledonvallei gehaas het vir ´n heenkome by die Bataung, aan wie hul verwant was.

´n Aanval op Thaora (Thoora) se Bafokeng, soos later verhaal deur Senate van Tlakoli (1986), is geloods deur ´n bende onder leiding van die jong Sekonyela, en met dié aanval is die wreedheid van die "Mantatee" die wêreld ingedra.

Sekonyela en sy roofbende het die stat aangeval, die graanputte leeggemaak en die hutte aan die brand begin steek. Uit een van die hutte is die gesmoorde gehuil van ´n kind gehoor. Sebata, een van Sekonyela se inisiantgenote, het gaan ondersoek instel. Tydens die ondersoek vind hy ´n gryse ou vrou, wat baie na ´n Boesman gelyk het, wat gepoog het om die kind se mond toe te hou sodat hy nie kon huil nie. Sy is met kind en al uit die hut gesleep en voor Sekonyela op die grond neergegooi. Sekonyela, wat met leeuvelle getooi was, het beveel dat sy deurboor, dog nie doodgemaak moes word nie. "Die wolwe, jakkalse en aasvoëls wil nie gebrande vleis hê nie," was sy kommentaar. Geboë oor die bevreesde kind is die ou vrou van agteraf deurboor. Die doel was om ook die kind met dieselfde slag te tref. (Ellenberger & Macgregor, 1929: 132.)

Die gewonde ou vrou en kind (´n latere oom van Sebata), het met moeite by Butha-Buthe aangekom om die verhaal van die "Mantatee"-slagting te vertel.

Die Bafokeng van Mabola is ook deur die Batlokwa aangeval en verdryf. Hierdie groep het vir ´n tyd die grondgebied van die Bomanyane met hul gedeel. Na ´n ruk is hulle ook in bendes die vlaktes in om swakker groepe te oorval en te beroof. (Ellenberger & Macgregor, 1929: 133.)

Na die aanval op die Bafokeng te Kurutlele het die Batlokwa die Caledonrivier oorgesteek en te Khapong, regoor Butha-Buthe, gestaan. (Ritter, 1962:109.) Intussen, terwyl die Bafokeng onder die Batlokwa deurgeloop het, is die oorblywende Basia, wat hul nie vroeër by Mantatese aangesluit het nie, deur Mpangazita se Hlubi aangeval en verdryf. Hul was gelukkig dat hul graan reeds geoes was voordat hulle moes vlug.

Die Basia onder Mantatese se broer, Letlala, het met rampspoedige gevolge die Bamolibedi van Ramatekwa aangeval. Nie net het hul swaar verliese aan soldate gely nie, maar hul veetroppe is deur die Bamolibedi uitgedun. Hul tog suidwaarts na Futhane het ewe rampspoedig geëindig. Eers het hul Lethole van die Makwakwa te Qolakoe aangeval, Lethole gevange geneem en weer losgelaat vir ´n losprys van waarskynlik beeste. Lethole het met behulp van die Matlotokwane-Nguni, onder Sepetsha ´n wraakveldtog teen Letlala onderneem. Al die Basiabeeste is geroof, Lethole was egter nie bereid om die beeste met Sepetsha te deel nie. Die gevolg was dat Sepetsha opdrag gegee het om Lethole hom dood te maak. Hierna het die Basia by die Batlokwa aangesluit by Butha-Buthe. Intussen het die Batlokwa te Butha-Buthe hulself in gereedheid gebring om die Bamokoteli van Moshesh aan te val. (Bryant, 1929:151; Omer-Cooper, 1969:89.)

Kort voor hierdie "Slag van die Potte" (Bryant, 1929:151), soos die aanval op Butha-Buthe bekend geword het, is Moshesh te Qhobosheane aangeval deur die Batlokwa. Nie net is Qhobosheane verwoes en die landerye gestroop nie, maar Makwanyane se stat, Khapong, is tergelykertyd verwoes. Gelukkig vir hom kon Moshesh met sy volgelinge ontvlug. Die plat, tafelagtige berg, Butha-Buthe het aan hul skuiling

gebied.

Te Butha-Buthe is die Batlokwa met rotse en klippe wat teen die kranswande afgegooi is, teruggedryf. Moshesh en Makana, een van sy onderhorige kapteins, het groot dapperheid getoon deur die Bamokotele aan te spoor en die Batlokwa tot by hul rendezvouspunt te agtervolg. Die Batlokwasoldate het dwarsdeur die groep wagtende Batlokwavroue gevlug met die Bamokoteli op hul hakke. ´n Batlokwavrou, Moseile, het opgespring, en die voorbeeld aan die Batlokwasoldate gestel deur ´n teenaanval op die Bamokoteli te loods. In die geveg wat hierna ontstaan het, is baie kleipotte stukkend getrap, vandaar die naam "Slag van die Potte", (Ntwa-ya-Dipitsana) wat aan die geveg gegee is. (Bryant, 1929:151.)

4.2.5 Ander veldslae deur Mantatese

Die Batlokwa van Mantatese het daarna met die Butha-Butheomgewing as basis, die Caledonvallei stelselmatig begin stroop van voedsel en vee. Nadat die vallei hulle nie meer van voedsel kon voorsien nie, het Mantatese haar volgelinge weswaarts gelei tot by Peka. Sekonyela het oor die Caledon ´n verrassingsaanval op Mpangazita, wat hom toe te Mabolela (naby die huidige Maseru) bevind het, geloods. (Wilson & Thompson, 1982:394; Omer-Cooper, 1969:87.)

Die aanslag was fel, dog met min verliese aan beide kante. Die resultaat was dat Sekonyela sonder noemenswaardige sukses moes terugtrek. Om sy prestige te behou, val hy op sy terugtog die Batlakwana van Matiele te Senyotêng aan, wat hul beeste aan Sekonyela verloor.

Mpangazita, met die gedagte om die Batlokwa op hul plek te sit, volg hulle tot by Tlapaneng waar hy amper daarin kon slaag om die Batlokwakamp vol vroue te oorval. Sekonyella en die soldate was op ´n rooftog afwesig, met die gevolg dat die vroue en al hul besittings ´n maklike prooi vir die Hlubi sou wees. Mantatese se vernuf het egter die

Batlokwa van totale uitwissing gered. Sy het die paar agtergeblewe ou mans en vroue in gevegslinie voor die kamp laat aantree. Skoffelpikke en slaapmatjies het as skyn-gevegsmondering en -wapentuig vir die vrou gedien. (Bryant, 1929:151).
Mantatese het ´n vlugvoetige boodskapper gestuur om Sekonyella te laat terugkeer, Terwyl Mpangazita nog huiwer om aan te val, is hy in sy flanke deur die Batlokwakrygers aangeval en ´n swaar slag toegedien. (Omer-Cooper, 1969:88.)

Vanaf Tlapaneng is die Batlokwa noordwaarts die Vrystaatse binneland in. Op hul tog om Montsho en Maketha se Batlou aan te val, het hul grootskaalse verwoesting aangetref. Die verwoesters het nie net bestaan uit die geledere van die Batlokwa, Hlubi en Ngwane nie; ander groepe soos die Bafokeng van Mokiba, Ntabeyane en Letuka het die Vrystaatse binneland kaalgestroop. (Davenport, 1977:16.)

Beendere langs afgebrande krale was die stil getuie van die "di-raka-na" (ons was eerste hier). Die hange van berge en grotte was die tuiste van kannibale omdat alle voedselbronne, ook die veld, uitgeput was. Mantatese se Batlokwa is op hul tog deur die Vrystaat ook oorval deur honger. (Wilson & Thompson, 1982:395.)

> " ... apart from roots, bulbs and berries, there was little food to be found in the veld, certainly not enough to feed so large a horde as that of Mantatese ... Many of the Wild Cat People started dropping out along the route. Woman and children and especially the aged and ailing became stragglers who invariably died of exhaustion, exposure or hunger or were devoured by beasts of prey that always followed at a distance" (Becker, 1969:43.)

Die aanval op Montsho en Makhetha se Batlou het tydelike verligting in die vorm van voedsel aan die uitgehongerde Batlokwa gebring. Dog die Batlou, wat hul by die Batlokwa aangeluit het op hul pad suid-oos vanaf Goewerneurskop (28°45´O;27°40´S), het die skraal kosvoorraad verder uitgeput. Dus moes verder en wyer gesoek word na teikens waar voedsel bekom kon word.

In die binnelandse strooptogte is die Bahlakwana van Sobotsa oorval en beroof. Die Bafokeng van Patsa, het op hul beurt weer die Bataung oor die Vaalrivier na Transvaal verdryf. (Ellenberger & Mcgregor, 1969:127).

Mantatese het op hierdie tydstip die volle verantwoordelikheid van die leër aan Sekonyela oorgedra. Sy het egter verwag dat die "kgotla" (stamvergadering) sal besluit oor verantwoordelike stappe wat die Batlokwa as stam raak. So kan aanvaar word, is ook besluit om nou plek te soek om tot rus te kom. (Omer-Cooper, 1969:87). Die Batlokwa het nou die terugtog na die Caledonvallei aangepak. Dit het egter gepaard gegaan met strooptogte op kleiner groepe wat in hul stamgeledere opgeneem is. Hulle het suid tot by die Caledonrivier afgetrek en naby Boesmankop (30 S;27 O), die rivier oorgesteek. Hier het die Maphetla, "Mosheshtaktiek" gebruik om die Batlokwa met klippe van hul woonplek op die bergkruin af weg te hou.

Die hoek gevorm deur die Caledon- en Oranjeriviere was vervolgens hul stroopgebied. Hierna het hul noord geswenk om die Caledon weer by Jammerberg oor te steek. (Wilson, 1982:394; Omer-Cooper, 1979:88.)

By Merumetsu het Mpangazita weer probeer om die Batlokwa aan te val, dog was onsuksesvol vanweë die spoed waarmee die Batlokwa deur die verskroeide gebied in ´n noordelike rigting getrek het. Die Bataunggebied wat deur die Maphuting van Tswane en Khoase kaalgestroop is, is deurgetrek totdat die Batlokwa die Vaalrivier bereik het. In ´n poging om vee van die Bafokeng ba Patsha te roof, is hul oor die Vaalrivier Transvaal binne. Die gebied van Sefunêlo is nou betree. Die Barolong, by die aanhoor dat Mantatese die rivier oorgesteek het, het paniekbevange op die vlug geslaan. Sefunêlo het sy broer, Tsabadira, aangesê om met ´n groep soldate hul agterhoede te dek. Op 18 Januarie 1823 breek ´n geveg uit waarin Tsabadira daarin slaag om die Batlokwa terug te dryf. (Ellenberger & Macgregor, 1969:136; Davenport, 1977:16.)

Na die slag het die Batlokwa verdeel. ´n Groep soldate het die Batlokwa-vroue en -bejaardes in die omgewing van Bamboesspruit (aan die Vrystaatkant) bewaak, terwyl die ander groep die Barolong agtervolg het. Wesleyaanse sendelinge, Hodgson en Broadbent, het hulle hier raakgeloop. (Broadbent, 1865:75.)

(Die chronologiese verloop van die verhaal word hier onderbreek om ´n historiese onduidelikheid m.b.t. Batlokwadeelname aan die Dithakongslag op te klaar.)

Wat hierna volg, is nie verifieerbaar nie, dog word gedeeltelik deur Marion How (1945:65) gestaaf.

Na die botsing met Sefunêlo wat wel noord van die Vaalrivier plaasgevind het, in die lig van die feit dat Broadbent en Hodgson die Batlokwa opgemerk het, het die agtervolgende Batlokwa teruggekeer oor die Vaalrivier. (Broadbent, 1865:74 - 82.)

Die "kgotla" wat reeds vroeër aangedui het dat hul moeg is vir die rondtrekkery, honger en sterftes onder hul mense, het waarskynlik soveel druk op Mantatese uitgeoefen dat sy besluit het om halt te roep. Die vreemde wêreld, wat die vaal Wes-Transvaalse vlaktes ingesluit het, het hul afgeskrik en hul wou nie verder noord beweeg nie. [How (1945:65 - 76) maak die stelling dat hulle glad nie noord van die Vaalrivier was nie.]

Die vraagstuk of Mantatese wel verder die Wes-Transvaalse binneland in beweeg het, en daar opereer het, kan aan die hand van beskikbare bronne soos volg verklaar word:

In sy beskrywing van die slag van Dithakong verhaal Stow (1910:477) die gebeure soos wat Moffat en Melvill dit ervaar het en die hele veldslag vertel en in verslae neergepen het. Uit hierdie lewensgetroue weergawe van die veldslag teen die Batlhapings van kaptein Mothibi word die

volgende duidelik:

Dat daar ʼn horde van ongeveer 50 000 swartes, genoem "Mantatee" aan vyandelike kant was;

Dat die wapentuig, deur die aanvallers gebruik, ooreenstem met die wapentuig van die Batlokwa;

Dat hul kleredrag en voorkoms, pluime van volstruisvere en roetbesmeerde lywe, ook klop met Becker (1969:39) se beskrywing van die Batlokwa;

Dat hul taal, ʼn Tswanadialek, ook verwant is met die Batlokwa-spreektaal.

Moffat en Melvill maak egter nêrens in hul geskrifte en vertellinge melding van òf Mantatese òf Sekonyela nie. Ook hul gesprekke met oorlewendes van die Dithakongslag dui nie daarop dat hul Batlokwastamgenote was nie;

Beide bronne dui aan dat twee van die "Mantatee"-horde se leiers in die aanval op Dithakong gesneuwel het, te wete: "Chuane" (Tshwane) en "Karaganye" (Nkgaraganye) (Stow, 1910:477.)

Gesien in die lig van die feit dat die bostelegraaf alle vyandelike gebeure toegeskryf het aan die "Mantatee", kan die verkeerde afleiding gemaak word dat die "Mantatee" en die Batlokwa sinoniem is. In die geval van die slag van Dithakong, waaraan Tshwane van die Maphuting en Nkgaraganye van die Hlakwana deelgeneem het, is die gevolgtrekking dat Mantatese van die Batlokwa en haar seun Sekonyela die aanvallers was, nie onmoontlik nie, maar onwaarskynlik.

* T.H.R. Davenport, (1977:16) gee die aanvallers op Dithakong aan as "Kololo, Hlakwana and Phuting who attacked the Tlhaping at Dithakong in 1823 ..."

* Davenport se verklaring strook met Stow se voetnota (477) vir soverre dit die Hlakwana van Nkgaraganye en Maphuting van Tshwane betref.

* How (1954:65) verklaar: "The Batlokoa of ´Ma Nthatisi did not go as far north-west as Dithakong, and they never crossed the Vaal at all."

Dan weerlê sy Ellenberger & Macgregor (1969:137 - 139) se bewering dat Mantatese aan die slag van Dithakong deelgeneem het deur te verklaar: "This battle apparently began about the 24th June 1823 between the Maphuting of Tsooane and Sebetwane´s Bafokeng, after which the Bahlakoana arrived."

Hieruit kan dan die gevolgtrekking gemaak word dat:
* Die naam "Mantatee", wat aan die invallers gegee is, ´n kollektiewe naam was wat gegee is aan enige stropers, aanvallers, verwoesters en kannibale gedurende die Difaqanetyd.
* Die Batlokwa van Mantatese waarskynlik nie aan die slag van Dithakong deelgeneem het nie.
* Die aanvallers op die Batlhaping van Mothibi (sowel as die Barolong en Bahurutshe) nie die Batlokwa was nie, maar wel die Maphuting van Tshwane en die Batlhakwana van Nkgaraganye, waarskynlik ook die Bafokeng (Kololo) van Sebetwane en die Bataung van Moletsane. (Kyk Slag van Dithakong, paragraaf 5.2.2.)

Op hul terugtog oor die Vaalrivier die Vrystaat binne, is Mantatese deur Matiwane se Ngwane in ´n mislukte poging onderskep. Die roete wat hul gevolg het (Ellenberger & Macgregor, 1969:130), het om die Makwassieberg in ´n oostelike rigting gegaan. Met die Wolfspruit as gids is hul oor die Vaalrivier te Hofmansdrif en Kommandodrif. Die oorsteek van die rivier het drie dae (3 tot 5 Augustus 1823) geneem. Hierna het hul oos geswenk in hul poging om terug te keer na die huidige "Riemland"-omgewing.

Die eerste slagoffer op hul tog ooswaarts was die Batlhakwana van Nkokoto. Die Batlhakwana is terselfdertyd deur twee opponente, die Ngwane en Batlokwa gekonfronteer. Die Batlhakwana, wat gewoon het waar die huidige Vaaldam is, het die Batlokwa in hul teenaanval gekies as eerste slagoffer, omdat die Batlokwa gestrem was deur moeë vroue en kinders, asook deur hul vee en huishoudelike toebehore. (Ellenberger & Macgregor, 1969:138).

A. Sekese (Ellenberger & Macgregor, 1969:139) beskryf die botsing soos volg:
"Die geveg begin met wedersydse geskel vanaf ´n afstand, met niemand wat werklik die aanval wou loods nie. Teen die aand het Sekonyela die flanke van Nkokoto se magte omseil, en self met sy kernmag die hoofaanval in die middel geloods. Nkokoto het blitsvinnig teruggetrek en met voortdurende terugvaltaktiek die Batlokwas twee verdere dae aan ´n lyntjie gehou sonder ´n werklike geveg."

Die derde dag moes Sekonyela inderhaas sy kamp teen die Ngwane van Matiwane gaan verdedig. Die Ngwane het die Basiakamp van Letlala, Sekonyela se oom, aangeval en die Basia en Batlokwa op vlug gejaag.

Sekonyela se veteraantroepe die "Lekonyela" het die grootste skade onder die plunderende Ngwane aangerig. Die magte van Mantatese en Letlala het respektiewelik die regter- en linkerflank aangeval en die Ngwane die Vaalrivier ingejaag. Van die Ngwanesoldate, wat voor die Batlokwa gevlug het, het verkies om eerder aan hul eie hand te sterf as om die wraak van Matiwane in die gesig te staar. (Ellenberger & Macgregor, 1969:139). Die volgende dag voor dagbreek het Sekonyela en Letlala die Ngwane, wat met ´n groot trop Batlokwabeeste weggekom het, agtervolg. Die aanval op die Ngwane was wreed, en tot die dood toe is die Ngwane agtervolg en verder op vlug gejaag.

Na ´n paar weke van herstel het Sekonyela besluit om Nkokoto nou die finale nekslag toe te dien. Sy besluit is versterk toe die Batlokwa ba

Mokhalong deur Nkokoto aangeval is, en Nkahla, hul kaptein, ernstig in die geveg verwond is, en by Sekonyela om hulp kom aanklop het.

Nkahla en Sekonyela sou gesamentlik die aanval teen Thaba Tsotso, tuiste van Nkokoto, aanpak, dog Nkahla was nog te siek aan sy wond, en het sy broer Mpese in sy plek gestuur. Die dag van die beplande aanval was Mpesi so onder die invloed van dagga dat hy nie die bevel aan sy soldate kon gee om Nkokoto se ontsnaproete af te sny nie. Nkokoto, met die grootste kontingent Batlhakwana kon oor die Vaal ontsnap, waar hul te Lekoteng gevestig geraak het. Baie van die Bathlakwana het vertroue in Nkokoto verloor, en by Sebetwane aangesluit. Nkokoto is later deur Mzilikazi tot ´n val gebring. (Ellenberger & Macgregor, 1969:141).

Sekonyela het sy tog na die Bethlehemomgewing hervat, en in die proses al die stamme wat sy weg versper het, aangeval. Hulle was: die Batlou wat kort tevore beskerming by Matiwane afgesmeek het, en die Bamodibedi van Ratsosana.

Mantatese het ´n poging aangewend (1825) om ´n einde te bring aan die onnodige aanvalle van Sekonyela (Ellenberger & Macgregor, 1969:141) omdat sy van die veronderstelling uitgegaan het dat bure as vyande net probleme en onmin in die toekoms bring. Dog hy het voortgegaan en tydens ´n bitter koue nag (winter 1825) die Bamodibedi aangeval. Omdat die Batlokwa nie hul wapens as gevolg van die koue kon hanteer nie, was die aanval katastrofies. Feitlik die hele Lekonyela-regiment het in die slag omgekom.

Te Bethlehem het die Batlokwa halt geroep om die stam ´n ruskans en geleentheid tot herstel en tradisionele seremonies te bied. Blykbaar het Mota, Mantatese se jongste seun, volgens leviraatgebruik verwek deur haar swaer, hier sy inisiasie en besnydenis ontvang. [Kyk: Coertze (1973:163) in verband met die leviraatgebruik.]

Vanaf Bethlehemdistrik het die Batlokwa nog ´n aanval geloods teen Moshesh te Butha-Buthe. Moshesh wat die koms van die Batlokwa afgewag

het, het homself voorberei op so ´n moontlikheid. Toe dit werklikheid word, was hy met genoeg voedsel, water en vee op sy bergvesting verskans, en kon ´n lang beleg afgeweer word.

Hierdie beleg staan in die geskiedenis bekend as die "Kokoi-beleg". ´n Ou vrou, ´n slangbesweerder, wat beweer het dat sy die "Kokoislang" met towermedisyne kon oproep om die Batlokwa te verdryf, is saam met Rapoho, ´n Basotho-hoofman die berg af gestuur om haar ritus langs die Caledon uit te voer. Met haar toorgoed wat sy by die rivier voorberei het, het sy vreesloos op die Batlokwa afgestap. (Ellenberger & Macgregor 1969:143). In plaas van te vlug, storm die Batlokwa op die groepie af en vermoor die ou vrou.

Na enkele vrugtelose pogings deur die Batlokwa om Butha-Buthe stormenderhand in te neem, is tot ´n beleg oorgegaan. Sekonyela het die Basotho-oeste gestroop en die lande verwoes. Moshesh, wat besef het dat die beleg hom stelselmatig tot oorgawe sou dwing, stuur twee osse na Sekonyela met pampoene en potte graan as geskenk. Op die wyse wou hy aan Sekonyela wys dat daar genoeg voorrade op die berg is, en dat Sekonyela se beleg vrugteloos skyn te wees. Sekonyela se beleg het ook sy tol van sy eie mense geëis. Die gestroopte Basotholande is nie weer bewerk nie, dus was daar nie kos vir sy mense nie. Klein groepies Batlokwa het op eie inisiatief voedsel gaan soek. Weinig het teruggekeer - hulle is deur kannibale gevang en opgeëet. (Ellenberger & Macgregor, 1969:144).

Moshesh, bewus van die posisie waarin sy mense verkeer, het ´n verkenningstog onder leiding van Magale (Mohale) en ´n oud-lid van Mantatese se stropers, Motingoe, uitgestuur. Hul opdrag was om ´n veiliger vesting, weg van Sekonyela af te soek. Om die Batlokwa-vyand te omseil, sluit Moshesh ´n ooreenkoms met Sepetsha, ´n renegaat-Zoeloe en kannibaal. Sepetsha sou die Batlokwa in die nag aanval sodat Moshesh geleentheid kon kry om met sy volgelinge en besittings te ontsnap.

Die aanval in die rug van die Batlokwa was, soos dit bedoel was, ´n verrassing vir Sekonyela. Die slag was geweldig, die verliese aan lewens was groot. Mantatese se skoonma, Ntlokgolo, het ook in die slag gesneuwel. Tydens die slag het die Batlokwa-vroue vreesloos hul man teen die Zoeloes gestaan. Die Sepetsha Zoeloes is teruggedryf tot op ´n heuwelkruin naby Butha-Buthe, waar kajuitraad gehou is. Op hierdie heuwel, voordat hulle kon reorganiseer, het die Batlokwa hul weer aangeval en totaal verslaan. (Bryant, 1929: 153.)

Die verliese aan Batlokwakant was so groot dat Mantatese Sekonyela oortuig het om die beleg te staak. Die voordele van ´n bergvesting as skans teen die vyand, wat Sekonyela van Moshesh geleer het, het die gevolg gehad dat hy die Tsikwaneberg met sy mense beset het. Moshesh het van Butha-Buthe vertrek en hom te Thaba Bosigo gaan vestig. (Davenport, 1977:16.)

4.2.6 Rustigheid tree in: Die Batlokwa raak gevestig

Tsikwane het nie heeltemal aan die Batlokwa se vereistes vir ´n tuiste voldoen nie. Tsikwane se oppervlakte was beperk en kon nie al die Batlokwa akkommodeer nie, en toegangsweë was onvoldoende. Dus is besluit om na ander moontlikhede te soek wat die groot aantal Batlokwavolgelinge kon akkommodeer en veiligheid kon bied.

Jalwabogolo (Youlaboholo), ´n bergvesting langs Kowaneng (Kooaneng), wat deur die Maribengstam bewoon is, is eerste deur die Batlokwa beset. Die twee vestings was so na aan mekaar dat persone sonder moeite van die een na die ander met mekaar kon gesprek voer. Om in besit te kan kom van Kowaneng, het Sekonyela die Maribeng (Bakwena) begin steur en terroriseer sodat hul uit radeloosheid hul vesting sou ontruim. (Wilson & Thompson, 1982:398; Omer-Cooper, 1969:89.) Die Maribengbeeste is verhinder om te kan wei, die vroue is by die watergate gemolesteer en verhinder om dekgras te versamel.

Op ´n slinkse wyse het Sekonyela die Marebeng van hul tuiste beroof. Mota, sy halfbroer, is aangesê om skynfeestelikhede op Jalwabogolo aan die gang te sit, terwyl hy ´n lokval te Kowaneng vir die Maribeng opstel. Die Maribengvroue het met hul beeste vertrek om te gaan wei en waterhaal, terwyl hul vyand, die Batlokwa, oënskynlik feesvier. Sekonyela het tussen die vroue en die berg inbeweeg om hul ontsnaproete terug na die vesting af te sny. Die beeswagters is verdryf, en hul beeste is gebuit, en al die vroue wat gaan water haal het, is gedood. Khoabane, hul kaptein, het besef dat die posisie onuithoudbaar geword het, en onder dekking van die nag is na Moshesh gevlug.

Uiteindelik kon Mantatese volgens Ellenberger & Macgregor (1969:150) sê: "Now at last, have I found a place where I and my people may rest in safety."

Sekonyela, nou gevestig te Jalwabogolo en Kowaneng, het egter geen stabiliteit vir die Batlokwa gebring nie. Hy het voortgegaan om die verspreide stamme rondom Bethlehem en Harrismithomgewing te terroriseer deur hul karige landerye te plunder, en hul vee te roof. As gevolg van die effek van die Difaqane het genoemde plundertogte nie veel opgelewer nie, en moes hy ander, vrugbaarder oorde vir sy strooptogte soek. Dus het die oostelike hange van die Drakensberg die gebied geword waarheen hy sy soldate gestuur het om beeste te versamel. (Bryant, 1929:152; Wilson & Thompson, 1982:398.)

Enkele gedagtes rondom die persoon van Sekonyela werp lig op die vraag waarom hy nie in staat was om die Batlokwa tot stabiliteit te bring, soos Moshesh met die Basotho reggekry het nie.

Die beskrywing wat Arbousset & Daumas (1968: 174 - 175) van hom nagelaat het, bevat die verklaring vir sy onvermoë om mense te trek, en sy stempel as leier af te druk. Sekonyela het die indruk gelaat van stugheid, norsheid en somberheid, terwyl hy geen sosiale verkeer kon handhaaf nie. Hy het sy volgelinge met vrees vir sy persoon, eerder as